SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# EKONOMIE V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Die memorandum bestaan uit 13 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B (tyd) √√

1.1.2 C (oneffektiewe allokering van hulpbronne) √√

1.1.3 B (vaste koste plus veranderlike koste) √√

1.1.4 B (armoede) √√

1.1.5 A (vrye beweging van goedere en dienste) √√

1.1.6 B (moedig die produksie van omgewingsvriendelike produkte aan) √√

1.1.7 C (water) √√

1.1.8 A (die wisselvalligheid van die geldeenheid) √√ (8 x 2) (16)

1.2 **PAS-ITEMS**

1.2.1 D Die verwering van natuurlike hulpbronne √

1.2.2 F Sterk Westerse ekonomieë √

1.2.3 E ŉ Periode waar sommige vaste produksiefaktore nie kan verander nie √

1.2.4 A ŉ Gelokaliseerde groep interafhanklike organismes saam met die omgewing waarop hulle steun √

1.2.5 I Samespanning is moontlik √

1.2.6 C Verskil tussen broodlyn-inkomste en onder broodlyn-inkomste verdieners √

1.2.7 H Sorg vir ŉ gesonde en ŉ voortsetting van die huidige ekologiese stelsel ten einde om produktiwiteit in die hede en toekoms te verseker √

1.2.8 B Mense raak verslaaf aan dit √ (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Grensnut √

1.3.2 Inkomste elastisiteit van vraag √

1.3.3 Armoede-strik √

1.3.4 Verenigde Nasies √

1.3.5 Relatiewe pryse √

1.3.6 Eksternaliteit √ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B (BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.)**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1 **Lys enige TWEE kategorieë van pryselastisiteit van vraag.**

- Volmaakte elastisiteit van vraag √
- Elastiese vraag √
- Unitêre elastiese vraag √
- Onelastiese vraag √
- Volmaakte onelastisiteit van vraag √ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe is produk- en faktormarkte verwant met mekaar?**
Produksiefaktore word gekoop deur produsente van die faktormark om goedere en dienste te produseer wat in die produktemark verkoop word. √√
(Aanvaar enige relevante verduideliking.) (2)

2.2 2.2.1 **Wat is die totale nut vir die verbruik van drie appels?**
15 √ (1)

2.2.2 **Wat is die tendens van grensnut, as die gebruik van die produk vermeerder?**
Grensnut sal daal/verminder. √ (1)

2.2.3 **Bereken die waardes van A en B.**
A = 5 √√
B = 18 √√ (4)

2.2.4 **Hoe sal skaarsheid ʼn impak op totale nut het?**

- Elke individu het te make met skaarsheid van hulpbronne. √√
- Die individu moet kies watter goedere en dienste moet gekoop word met hulle beperkte hulpbronne √√ – om maksimum bevredigend te kry. √√ (2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 **Wat is die hoofdoelwit van ʼn besigheid?**

- Winste √ (1)

2.3.2 **Verduidelik EEN manier hoe ʼn besigheid groei kan bevorder.**

- Om winste te gebruik om uit te brei na ander gedeeltes van ʼn land. √√
- Om winste gebruik te gebruik om buite die landsgrense uit te brei. √√
- Gebruik winste om ander besighede te koop. √√ (2)

2.3.3 **Hoe hou markaandeel verband met wins?**
Wanneer ʼn besigheid ʼn groter aandeel van die mark het lei dit tot meer verkoopsinkomste. √√ Wanneer verkoopsinkomste produksiekoste oorskry lei dit tot meer wins. √ (3)

2.3.4 **Onderskei tussen *rekeningkundige* en *ekonomiese wins*.**
Rekeningkundige wins: Dit is die positiewe verskil tussen 'n onderneming se totale inkomste en sy eksplisiete kostes. √√

Ekonomiese wins: is die positiewe verskil tussen die totale inkomste en die totaal van die implisiete en eksplisiete koste. √√

**OF**

Rekeningkundige wins = Totale inkomste – Totale eksplisiete koste √√
Ekonomiese wins = Totale inkomste – Totaal (eksplisiete + implisiete) koste. √√ (4)

2.4 **Bespreek VIER eienskappe van 'n volmaakte mark.**

- Groot aantal kopers en verkopers – hulle kan nie pryse beheer nie. √√
- Produkte is homogeen, wat beteken produkte is dieselfde tipe, kwaliteit en voorkoms. √√
- Vryheid van toetrede en uittrede – mark is ten volle toegangbaar. √√
- Kopers en verkopers het volledige kennis oor pryse, kwaliteit en beskikbaarheid van goedere. √√
- Die mark is onpartydig – niemand het die voordeel oor die ander nie. √√

(Aanvaar enige korrekte eienskap.) (Enige 4 x 2) (8)

2.5 **Watter voordeel sal vervaardigers geniet as hulle produseer by 'n vlak waar hulle ekonomieë van skaal ondervind?**

- Hulle produseer teen die laagste koste per eenheid. √√
- Minder insette word benodig om dieselfde uitsette te vervaardig. √√
- Voorkom 'n situasie waar verby 'n sekere punt geproduseer word, waar die maatskappy nie effektief bestuur kan word nie. √√
- Vervaardigers koop gewoonlik in grootmaat en kry afslag. √√
- Hulle het die vermoë om te investeer in verbeterde tegnologie en nuwe toerusting. √√
- Hulle kan bekostig om te belê in ander belangrike aktiwiteite soos bemarking. √√

(Aanvaar enige relevante antwoorde.) (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE soorte besoedeling.**
- Grondbesoedeling √
- Lugbesoedeling √
- Waterbesoedeling √
- Geraasbesoedeling √ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is dit voordelig vir 'n land om by vryhandel betrokke te raak?**
- Dit bevorder internasionale handel √ en bevorder ook direkte buitelandse beleggings. √ (2)

3.2 3.2.1 **Vanuit die spotprent identifiseer enige TWEE negatiewe effekte van globalisasie.**
- Besoedeling en $CO_2$ emissies √
- Omgewingsvernietiging √
- Verbruikersgemors √ (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 **Verduidelik enige TWEE oorsake van globalisasie.**
**Verwydering van handelstariewe:** √ Dit verwys na die verwydering of beperking van handelsbeperkings soos handelstariewe en invoer- en uitvoerkwotas. √
**Vervoer:** √ Die styging in die aantal vervoerstelsels het globalisasie gefasiliteer. √
**Kommunikasie***:* √ Tegnologiese innovasies het tot die verbeterde oordra van inligting bygedra. √
**Multinasionale maatskappye**: √ Hulle is internasionale maatskappye wat handel regoor die wêreld dryf – hulle word nie beperk tot hul lande se grense nie. √
**Internasionale kapitaalmarkte***:* √ Globalisasie maak kapitaalmarkte oop vir almal – mense en besighede kan hulle geld in enige plek in die wêreld investeer. √
(Aanvaar enige relevante antwoord.) (4)

3.2.3 **Hoe sal Westerse lande voordeel trek deur handel met die Afrika kontinent te dryf?**
- Hulle sal voordeel trek uit goedkoop arbeid uit die Afrika-kontinent. √√
- Afrika is ook ryk aan alle vorms van natuurlike hulpbronne wat hulle nie in oorvloed het nie. √√ (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 **Wat was die persentasie van mense wat onder die armoedelyn in Suid-Afrika in 2010 geleef het?**
20% √ (1)

3.3.2 **Verduidelik die konsep *Gini-koeffisiënt*.**
Dit is 'n globale aanwyser wat gebruik word om inkomste-verspreiding tussen verskillende groepe mense aan te dui. √√ (2)

3.3.3 **Volgens die uittreksel hoe word die sober armoedelyn verduidelik?**

Sober armoedelyn dui aan die drumpelvlak waaronder iemand voedsel moet prysgee om nie-voedsel items te verkry √√ bv. vervoerkoste en lugtyd. √ (3)

3.3.4 **Hoe het die Suid-Afrikaanse regering probeer om armoede te verlig?**

- Die regering het met die volgende strategieë vorendag gekom: HOP, GEAR, ASGISA, Nuwe Groeipad. √√
- Verskaf gratis basiese dienste soos water en elektrisiteit aan arm mense. √√
- Skep werksgeleenthede deur die departement van openbare werke deur middel van die openbare werke programme. √√
- Bevorder entrepreneurskap en verbeter prestasie en volhoubaarheid van klein en mikro-ondernemings. √√
- Opleidingsskemas om vaardighede te ontwikkel. √√
- Verhoog grondeienaarskap. Dit is die staat se beleid om grond te herversprei sodat swart mense meer landbougrond en residensiële eiendomme besit. √√

(Aanvaar enige relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik ongelyke inkomstevlakke en tekort aan onderwys as oorsake van armoede.**

**<u>Verskil in inkomstevlakke</u>**

Die lone en salarisse wat verdien word vir verskeie werke is nie dieselfde nie. √√ Daar is hoog betaalde werkers in die finansiële en tegnologiese sektore. Werkers in die lae-besoldige werke sal nie hulle basiese behoeftes kan bevredig nie. √√ (2 x 2)

**<u>Tekort aan onderwys</u>**

Baie arm lande is nie in staat om onderwys te befonds nie. √√ Dit lei tot ŉ groot persentasie van die bevolking wat onopgevoed is en nie die vaardighede besit wat in die werkplek benodig word nie. √√ Tekort aan onderwyskwalifikasies lei gewoonlik tot lae werkloosheid, lae produktiwiteit en lae inkomste lakke. √√

(2 x 2) (8)

3.5 **Waarom sal ŉ land om direkte buitelandse beleggings eerder as portefeulje beleggings verkies?**

- Direkte buitelands belegging is wanneer ŉ land ‘n besigheid in ŉ ander land oprig √√ terwyl portefeulje beleggings, beleggings in aandele is. √√
- Dit vermeerder die bruto binnelandse produk van die ontvanger-land. √√
- Werkskepping verbeter, √√ terwyl portefeulje beleggings nie so ŉ invloed in die verbetering van mense lewens het nie.
- Kundigheid van die ontwikkelde lande dra by tot die lys van voordele. √√
- Dit lei tot ŉ verbetering in die lewensstandaard. √√
- Portefeulje beleggings word maklik van een land na die ander geskuif, en met buitelandse direkte beleggings is dit nie so maklik nie – dis gewoonlik die laaste opsie. √√

(Aanvaar enige relevante antwoorde.) (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 **Lys TWEE voorbeelde van komplementêre goedere.**

- Tennisbal en tennisraket √
- Brood en botter √

(Aanvaar enige relevante korrekte voorbeelde.) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Watter effek sal ŉ pryselastiese produk op die produseerder het?**

Dit sê die vervaardiger, as die prys van ŉ produk vermeerder:

- Die hoeveelheid aangevra verminder wat lei tot ŉ vermindering in totale inkomste. √√
- Dit sal maklik wees vir die verbruiker om die duur produk te vervang met ŉ goedkoper produk en die vervaardiger sal kliënte verloor. √√

(Aanvaar die teenoorgestelde, dit is, die effek van ŉ daling in prys.)

(1 x 2) (2)

4.2 4.2.1 **Verduidelik die konsep *totale inkomste*.**

- Totale inkomste is die waarde van verkope wat plaasgevind het. √√
- Totale inkomste is gelyk aan die prys van elke eenheid vermenigvuldig met die hoeveelheid verkoop. √√ (1 x 2) (2)

4.2.2 **Identifiseer en verduidelik punt A van die grafiek.**

Gelykbreekpunt √√

Punt A is waar totale inkomste en totale koste gelyk is. √√ (4)

4.2.3 **Bereken wins/verlies in die bogenoemde grafiek wanneer produksie by 6 eenhede is.**

TI = P x H = 15 x 6 = 90 √

TK= K x H = 10 x 6 = 60 √

Wins = TI – TK

= 90 – 60

= 30 √√ (4)

4.3 4.3.1 **Hoeveel het dit gekos vir Mpumalanga om die effek van suurreën te neutraliseer?**

25 miljoen per jaar √ (1)

4.3.2 **Verduidelik die term *koolstofdioksied emissies*.**

Dit is gas wat gewoonlik die kweekhuis-effek veroorsaak wat tot globale verwarming lei. √√

Koolstofdioksied emissies is die wat afkomstig is van die brand van fossielbrandstowwe en die vervaardiging van sement. √√

Dit sluit koolstofdioksied wat geproduseer word deur die verbruik van soliede-, vloeistof- en gas-brandstowwe verbranding. √√ (Enige 1 x 2) (2)

4.3.3 **Lys DRIE ekonomiese gevolge van grond agteruitgang.**

- Dam sedimentasie √
- Hoë koste om water te suiwer. √
- Verloor van werksgeleenthede op plase. √
- Watertekorte √

(Aanvaar enige relevante antwoorde.) (Enige 3 x 1) (3)

4.3.4 **Onderskei tussen *hernubare* en *niehernubare hulpbronne*.**
Hernieubare hulpbronne: Natuurlike hulpbronne wat hulle self vervang nadat dit gebruik was, bv. plantegroei. √√

Nie-hernieubare hulpbronne: Nie in ŉ posisie om hulle self te vervang nie bv. minerale hulpbronne. √√ (4)


4.4 **Bespreek privaat eiendomsregte en vrywillige ooreenkomste as benaderings om die omgewing volhoubaar te maak.**
Eiendomsregte:

- As mense eiendomsregte tot fauna en flora kry sal hulle meer omgee vir dit en voorkom dat dit uitsterf. √√
- Hulle kan hulle eiendomsreg vir finansiële gewin gebruik deur begeleide toere toe te laat. √√
- Wanneer boere eiendomsreg het tot wild op hul plase, kyk hulle na die wild en kan inkomste verdien deur toeriste wat na hierdie wild kom kyk. √√
- Dit beskerm fauna en flora. √√ (Enige 2 x 2)

Vrywillige omgewingsooreenkomste:

- Organisasies stem vrywillig in om die omgewingswette en -regulasies na te kom. √√
- ŉ Organisasie wat ŉ omgewingsbestuurstelsel ontwerp en implementeer wat deur ŉ beheerliggaam gesertifiseerd is. √√ Dit word gereeld geaduiteer om te verseker dat dit aan omgewingsregulasies voldoen. √√ (2 x 2) (8)

4.5 **Illustreer grafies die effek van ŉ styging in die prys van beesvleis wanneer verbruikers beesvleis met hoender vervang.**




MAKS. 4 PUNTE VIR ELKE GRAFIEK (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Jou antwoord gaan soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie begin sal wees om ʼn konsep of sleutelwoord wat in die vraag verskyn te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om jou onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van jou inleiding insluit in die vrae nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie.<br>• Vermy in die inleiding om aan te dui wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**:<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek volledig/In-diepte bespreking/Ondersoek/Krities bespreek/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie/Krities bespreek/Evalueer/ Krities evalueer /Teken ʼn grafiek en verduidelik /Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoë-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ʼn Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die besprekings/ontleding versterk.<br>• ʼn Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

**Die gedrag van die ekonomiese deelnemers kan deur die markstrukture verduidelik word.**

**Vergelyk ten volle die kenmerke van ŉ monopolie met die van monopolistiese mededinging (sluit voorbeelde in by jou bespreking). (26 punte)**
**Verduidelik waarom die regering monopolies ondersteun/lisensies gee? (10 punte)**

**INLEIDING**

Enige mark wat nie al die eienskappe van volmaakte markte het nie word onvolmaakte markte genoem. Dit is ook so die geval met monopolies en monopolistiese markte. √√ (2)

**INHOUD**

| **EIENSKAPPE** | **MONOPOLIE** | **MONOPOLISTIESE** |
|---|---|---|
| Aantal besighede in die industrieë | ŉ Enkele verskaffer of besigheid √ bv. Eskom. √ Daar is geen kompetisie. Een besigheid in die mark het beheer oor die verskaffing van goedere en dienste. √√ | ŉ **Groot aantal besighede of verskaffers** √ bv. KFC, Nandos en tagos. √ Daar is ŉ element van mededinging. √√ |
| Produk | ŉ **Unieke produk** word vervaardig. √ Daar is geen nabye plaasvervangers nie. √√ Die produk kan nie maklik vervang word nie. √√ Verbruikers het geen keuse in prys en kwaliteit van produk nie. √√ | Gedifferensieerde produkte. √ Produkte lyk dieselfde maar is nie identies nie. √√ Hulle is soortgelyk daarin dat hulle dieselfde behoefte van die verbruiker bevredig. √√ Die verpakking mag verskil, maar die produk is dieselfde. √√ |
| Vryheid van toetrede en uittrede tot die mark | Daar is **baie versperrings tot toegang**. √ Toegang tot die mark is heeltemal geblokkeer √√ Die versperrings word veroorsaak deur patente en ander vorm van intellektuele eiendom. √√ | **Toegang tot die mark is maklik**. √ Daar is volledige vryheid van toetrede en uitgaan uit die mark. √√ |
| Helling van die vraagkurwe | **Afwaartse helling van vraagkurwe vir die firma** √ en dieselfde vir die industrie. √√ Dit is ook onelasties. √√ | **Afwaartse helling van vraagkurwe vir industrie** √ en is elasties. √√ |

| | | |
|---|---|---|
| Beheer oor pryse | Die firma is ŉ **prysmaker**. √ Die monopolis is in staat om die mark te beïnvloed deur die hoeveelheid te verander wat dit vir die markte aanbied. √√ | **Besighede het baie min beheer oor die prys.** √ Elke besigheid verkoop teen sy eie prys. √√ omdat ŉ enkele prys nie vir die gedifferensieerde produk bepaal kan word nie. √√ |
| Relatiewe mark-aandeel | Totale mark behoort aan een firma. √√ | Relatiewe klein aandeel in die totale mark. √√ |
| Inligting | Daar is volmaakte kennis en inligting is volledig. √√ | Inligting is onvolledig. √√ |
| | Maks. 13 | Maks. 13 |

(26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Verduidelik waarom die regering monopolies ondersteun**.

- Om die intellektuele vaardighede en regte van die vervaardiger te beskerm. √√
- Sekere produkte is baie gevaarlik vir te veel ondernemings om dit te produseer of die te diens lewer; daar moet ŉ vlak van aanspreeklikheid wees. √√
- Om die vervaardiger te motiveer om voort te gaan met die vaardigheid, die maatskappy te groei en meer werk aan mense te verskaf. √√
- Van die ekonomiese wins wat gemaak word sal die regering meer inkomste uit belasting verdien. √√
- Om die maatskappy te monitor, veral as dit ŉ noodsaaklike diens lewer soos elektrisiteit, bv. prys, voorsiening van elektrisiteit aan almal bv. in plattelandse gebiede en die konsekwentheid om dit te doen. √√
  (Aanvaar enige relevante verduidelikinge.) (10)

**SLOT**

Beide markstrukture neig om oneffektief te wees omdat onvolmaakte markte misluk om hulpbronne effektief te allokeer.
(Aanvaar enige relevante slot.) √√ (2)

**[40]**

**VRAAG 6**

**Oor die jare het ekonomieë ontwikkel en daar was baie veranderings. Ongeag die veranderings, is daar steeds ʼn groot verskil tussen ryk en arm.**

**In die lig van bogenoemde ,verduidelik die faktore wat bydrae tot die Noord en Suid verdeling. (26 punte)**
**Hoe kan die gaping tussen die Noorde en die Suide verminder word? (10 punte)**

**INLEIDING**

Die Noorde en die Suide verdeling is ʼn sosio-ekonomiese en politieke verdeling wat tussen die ryk ontwikkelde lande wat verwys word na die Noorde en die arm ontwikkelende lande wat as die Suide verwys word. √√
(Aanvaar enige relevante inleiding.) (2)

**INHOUD**

**Kapitalisme** √
- Kapitalisme is bekend daarvoor dat dit lei tot ongelykheid omdat dit op winsmotief en opeenhoping van rykdom gebaseer is. √√
- Die aard van kapitalisme veroorsaak dat ontwikkelde lande met ʼn vergelykbare voordeel rykdom bymekaar maak ten koste van die ontwikkelende lande. √√

**Globalisasie** √
- Globalisasie is die leidende oorsaak van ongelykhede regoor die wêreld. √√
- Dit gebeur dat ontwikkelde lande arm lande uitbuit tot op die punt waar hulle afhanklik raak van ontwikkelde lande vir hulle oorlewing. √√

**Koers van ontwikkeling** √
- Lande in die noorde en in die Suide het baie verskillende vlakke van ekonomiese groei. √√ ʼn Stadige koers van ontwikkeling verwys na ʼn ontwikkelende land in die Suide terwyl ʼn hoë koers verwys na ʼn ontwikkelde land in die Noorde. √√

**Ontstaan van ekonomiese kragte** √
- Ontwikkelde lande met toegang tot kapitaal verwerf – ekonomiese krag. √√
- Hulle kan produkte vervaardig meer effektief, ontwikkel en vervaardig tegnologiese goedere vir ander lande. √√
- Die stryd tussen ekonomiese kragte maak dit meer moeilik vir ontwikkellende lande om mee te ding. √√

**Internasionale infrastruktuur** √
- Die lande in die Noorde het die meeste vervoerstelsels wat hulle benodig om hulle goedere en dienste na en van die internasionale markte te vervoer. √√
- Die internasionale telekommunikasie netwerk is byna totaal onder beheer van die lande in die Noorde. √√

**Nuwe tegnologie** √

- Die navorsing ontwikkeling en produksie van nuwe tegnologieë is in die hande van die groot maatskappye in die Noorde. √√
- Hierdie tegnologieë is belangrik vir ontwikkelingsprosesse in die Suide, maar hulle is beskikbaar teen ŉ prys vir die Suide. √√

**Finansiële hulp en skuld** √

- Baie lande in die Suide het fondse verkry op krediet van die ryk lande in die noorde, gewoonlik teen baie hoë rentekoerse. √√
- Meeste van die ontwikkellende lande bou groot buitelandse skuld op wanneer hulle nie hul lenings terugbetaal nie soos ooreengekom nie. √√ Dit is as gevolg van die oneffektiewe gebruik van die fondse of depresiasie van die geldeenhede in ontwikkelende lande. √√

**Kolonialisme** √

- Vir ŉ lang tydperk het lande in die Noorde die onder ontwikkellende lande in die Suide gekoloniseer. √√
- Die ontwikkelde lande gebruik die natuurlike hulpbronne vir hulle eie verryking. √√ Dit verhoed die ontwikkeling van die kolonies. √√

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- Deur die gebruik van die millennium ontwikkelingsdoelwitte om verder te ontwikkel, reëls gebaseer, nie-diskriminerende en handel finansiële stelsels. √√
- Spreek spesiale behoeftes van die minder ontwikkelde lande aan. √√
- Spreek spesiale behoeftes van ingeslote ontwikkelde lande en klein eiland ontwikkelde lande aan. √√
- Handel omvattend met skuldprobleme van ontwikkelende lande. √√
- Help ontwikkelende ekonomies met toegang tot kapitaal vir groei deur industrialisering. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoorde.) (10)

**SLOT**

Selfs al is Suid-Afrika is deel van die ontwikkelings-ekonomieë van die Suide, in vergelyking met die meeste Afrika-lande, is dit relatief beter en het die potensiaal om met die beste in die wêreld vergelyk te word. √√
(Aanvaar enige relevante slot.) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou